# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (11/18)


(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 16 Maart 2018

***"When we remember we are all mad, the mysteries disappear and life stands explained" Mark Twain***


## INDONESIË

Die Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) het 'n verlenging van drie jaar van die "Mutual Country Recognition (MCR)" aangekondig wat Indonesië vir die invoer van elf produkte uit Suid-Afrika toegestaan het, insluitend alle sitrus-sektore (lemoene, suurlemoene, pomelo's en sagte sitrus). Die handjievol lande met hierdie MCR, het baie voordele. Slegs die lande met MCR kan direk na die hawe in Jakarta uitvoer - ander moet van ander Indonesiese hawens gebruik maak en hul produkte dan na die belangrike mark in Jakarta teen aansienlike kostes vervoer. Ook belangrik is die wedersydse erkenning van voedselveiligheidsregulasies in Suid-Afrika, wat minder kostes en probleme om Indonesiese vereistes na te kom, beteken.




Die volumes sitrus wat Suid-Afrika na Indonesië verskeep is min, maar met 'n groot bevolking met 'n voorkeur vir vars produkte, kan die Indonesiese mark in die toekoms 'n belangrike mark word. Vorige uitvoere was net meer as 3 500 palette - met Valencia-lemoene en suurlemoene wat die gewildste was.

## EUROPESE UNIE




Soos Suider-Afrika se sitrusbedryf vir 2018 voorberei, is dit interessant om terug te kyk na uitvoere na die EU vanaf 2015 tot die vorige seisoen. Na 'n verskaffings-geïnduseerde daling van 710 metrieke ton in 2015 tot 668 duisend in 2016, het volumes tot 721 metrieke ton in 2017 teruggekeer. Negentig persent van uitvoervolumes het na vyf lande gegaan - Nederland is verantwoordelik vir meer as die helfte, die VK vir 20%, Portugal en Italië vir ongeveer 10%.

Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA

CRW